# CBMC Gebedsbrief

17 Augustus 2026

## KALENDER

Augustus

17 – 21 Spanbesoeke en Swakopmund bekendstelling (Namibië)
25 EXCOM Vergadering
29 Raadsvergadering

September

5 CBMC Oriëntasie (Noordelike Voorstede, WK)
16 CBMC Uitreik (Malemesbury)
18 CBMC Rolbaldag (Strand)

## VERJAARDAE

Augustus

17 Hentas Kotzé (Boland)
Nico Louw (Boland)
18 Derek McCrindle (Gauteng)
19 George Rencken (Helderberg)
Bennie van der Merwe (Boland)
21 Erick Carstens (Boland)
Roland Willis (Weskus)
22 Hein Millen (Noordelike Voorstede, WK)

### Lukas 6

12 "In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God. 13 Toe dit dag word, het Hy sy dissipels nader geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy ook apostels genoem het." (AFR83)

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis,
1ste Verdieping
Bellville 7530
Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Snap here to pay
SnapScan

## Dissipelskap en Dissipelmaking (Deel 27)

Waarom is elke gelowige nie met 'n ander gelowige in 'n dissipelskap verhouding nie?

Wat is dit wat meer volwasse Christene keer om in sulke 1-tot-1 verhoudings betrokke te raak en jong gelowiges by staan op die pad van geestelike groei? Waarom soek jong gelowiges nie meer volwasse broers op om hulle by te staan nie?

Daar kan baie redes, en ook baie verskonings wees.

Wat sou jy sê is van die algemeenste redes?

________________________________________

________________________________________

'n Antwoord wat ek dikwels hoor is: 'ek weet nie hoe om te begin nie'.

Miskien raak dit makliker as ons kyk na wat die groot prentjie is. "Ontmoet 'n man waar hy is en help hom om die man te word wat God wil hê hy moet wees."

Die probleem is dikwels dat ons nie weet watter man nie. Hoe ernstig bid ons daaroor dat die Heilige Gees vir ons sal wys wie ons teikenmanne en jong dissipels moet wees.

Wat het Jesus gedoen in Lukas 6:12-13?

________________________________________

________________________________________

Hoe het jy besluit op die name op jou 10-Teikenman kaart en Bloukaarte?

________________________________________

________________________________________

Hoe het jy besluit met wie jy die dissipelskap pad wil stap?

________________________________________

________________________________________

Indien jy nog nie vir manne bid of betrokke is in 'n dissipelskap proses, bv Opdrag Timoteus nie, wil ek jou aanmoedig om met jou Spanleier of ander lid in jou span wat wel betrokke is te gesels. Maak ook kontak met die CBMC Kantoor indien jy dit so verkies.